
Uitgawe 10 2016




## So onthou ons...

Deur Bettie Nieuwoudt 83 jaar oud



Ek is gebore en getoë op die plaas Noordhoek, regoor die Warmbad te Citrusdal. Die vyfde geslag Josia Johannes van der Merwe boer steeds daar met sitrus. Na matriek is ek in die Groote Schuur Hospitaal opgelei as algemene verpleegster (was later suster in bevel van die Ongevalle afdeling).

Dit was in die 1950's voordat Karl Bremer en Tygerberg hospitale gebou is. Later het ek my kraamopleiding ook geslaag. In Groote Schuur het ek 8 jaar gewerk tot my troue in 1957. Dit was van die gelukkigste tye van my lewe. Ek is getroud met Errie Nieuwoudt enigste seun van Christiaan en Jacoba Nieuwoudt. Errie en sy pa was vennote in hul algemene handelaarsaak op Leipoldtville. Errie was ook verbonde aan etlike agentskappe (eiendomsversekering, ens). Die winkel bestaan vandag nog op Leipoldtville (opgerig 1898).

Ons huis was langs dié van my skoonouers.
My skoonma was vir 30 jaar orreliste van die ou Kerk en het musiekonderrig gegee op Leipoldtville. Die nuwe kerk is gehou op die perseel waar die oue gesloop is.
Die inwyding was in 1959. Die wydingsrede is gelewer deur Ds AGE van Velden, assessor van die Kaapse sinode. Japie Malan, die destydse orrelis van die Groote Kerk in Kaapstad, het die orrel ingewy. In 1909 het my skoonma se ouers vir haar 'n klavier van rooshout en ivoor met pragtige koper kandelare vanaf London met 'n skip laat kom tot in Kaapstad. Vanaf Kaapstad is die klavier op oom Johnny Spence se boot na Lambertsbaai gebring vanwaar dit per ossewa oor die sandpaaie na Leipoldtville vervoer is. Dit is nou die eiendom van my dogter, Irma Knipe van Stellenbosch wat 'n BMus graad het en word steeds bespeel.

Na my troue het ek nie meer verpleeg nie, soms net reeks inspuitings gegee op andrang van Drs Chris en Emma Retief van Lambertsbaai. Soms as 'n kind geval en beseer is, het ek uitgehelp.

My skoonouers het baie staaltjies vertel uit die vroeë dae van Leipoldtville. Daar was eens 'n Ds Coetzee wat baie kwaai was. Een Sondag het hy baie driftig gepreek en baie hard op die preekstoel geslaan. Dit was nog in die ou kerk met die hoë preekstoel. Daar val toe 'n stuk plank af met 'n harde plons. Almal was toe seker wakker!

Daardie jare was daar nog nie Eskomkrag in die Sandveld nie. Ons het darem kragopwekkers gehad. Mietjie Louw het in haar vorige skrywe vertel van Mej Baard van Bettiesville wat so kwaai was. Daar was nog nie 'n skool op Leipoldtville nie.

**VADERSDAG:**

SONDAG 19 JUNIE 2016

VADERSDAG ETES:

BESPREEK BY VENSTERKLIP OF

SOMERKOELTE

### IN HIERDIE UITGAWE


| | |
|---|---|
| So onthou ons vervolg | 2 |
| CPL, Vir jou Suid- Afrika | 2 |
| Sandveld Atlete Rekords | 3 |
| Uit die pen van Ds Frik | 4 |
| Vensterklip | 5 |
| Tannie Kittie verjaar | 6 |
| Geboortes | 7 |
| Basaar | 8 |
| Hou aan , druk deur | 9 |
| Arnion Guest Retreat | 10 |
| Duitsland—Carmari | 11-13 |
| CPL - Moedskep | 14 |
| CPL—Ken Mekaar | 15/16 |
| Maklike Vrugtebroodjie | 17 |
| Leipoldtvillers Presteer | 18 |
| Nuwe woorde | 18 |
| Aangename Kennis | 19 |
| Advertensies | 20/21 |
| Lief en Leed | 22 |
| Ten Slotte | 23 |

## ( So onthou ons ...Vervolg)

Sy het eendag 'n lei stukkend geslaan op die kop van 'n seun wat iets nie kon verstaan nie. Die kind staan toe net met die raamwerk van die lei om sy nek. Hoe verleë moes hy nie gewees het nie?

Die skool het later van Bettiesville na Leipoldtville verskuif waar Mnr van Rensburg en Mev Smitta vir baie jare skool gehou het. Die kinders is deeglik onderrig. Hoër-skole en koshuise was op Graaf-water en Clanwilliam.

My skoonma was die enigste dog-ter van Ernst en Sarie Smit en sy het baie briewe, ou kerskaarte, ens van haar ouers gebêre. Byvoorbeeld in 1904 het graaf Athlone, goewerneur generaal in Kaapstad, Clanwilliam kom besoek. Die landdros het 'n dinee ter ere van hom aangebied. Ek besit nog die oorspronklike uitnodiging. Dit is in Engels en is in goud gedruk.

My skoonma was 'n kleindogter van die eerste blanke sendeling op Clanwilliam, nl. Eerw NH Smit van die St Stephan Sending-genootskap. Die familie het baie vir die Sending gedoen. Haar vader se naam, ook NH Smit, staan op die hoeksteen van die Sending Kerk op Leipoldtville.

My skoonpa stam uit die Nieuwoudts van Boskloof Clanwilliam. Hy was jare lank afdelingsraad- en skoolraadslid van Clanwilliam, asook vredereg-ter. Geboortes en sterftes moes by hom aangemeld word.

My man het my reeds in 1983 ontval. Sedertdien bewoon ek 'n woonstel aan die huis van my seun, Christo Nieuwoudt, in Lambertsbaai.

Leipoldtville bly maar die plekkie van my eerste liefde.

Bettie Nieuwoudt


## Suikerkunsklasse

Hoe om met verskillende mediums - plastiese ver-siersel, sjokolade, mal-valekkers gemeng met ver-siersuiker en rysvlokkies die mooiste items te maak om koeke te versier.



Alta Enderstein

027 432 1929

076 500 7549


## Ons vir jou, Suid - Afrika!





**Christelike Privaatskool Leipoldtville** het einde 2015 'n landsvlag en paal ontvang by die staat en op 22 Januarie 2016 uitein-delik hul eerste vlagparade geloots. Die polisiedienste van Graafwater het ons kom wys presies hoe dit gedoen word. Die afwag-ting was groot en ons het met verwondering geluister. Daarna het ons (van groot tot klein) die volkslied uit volle bors gesing terwyl ons vlag vir die heel eerste keer by CPL in die wind gewapper het. Dis tye soos die wanneer ons as trotse Suid-Afrikaners net weer besef dat rooi, geel, swart, wit en groen die goud in ons hart is.

# Atletiek Rekords van Sandvelders wat nogsteeds staan na baie jare.

Deur Lara Visser

Na afloop van die besige atletiekseisoen, was dit ook interessant gewees om te aanskou dat daar nog steeds rekords is van gemeentelede wat destyds aan atletiek deelgeneem het. Hierdie gemeentelede het onderskeidelik van Hoërskool Graafwater en Hoërskool Clanwilliam (vandag staan die oud-Hoërskool bekend as Augsburg Landbougimnasium) af gekom.

Tydens die Kleureatletiek Byeenkoms van 1997 is daar rekords gelewer deur Annemi Laubscher in gewigstoot en spiesgooi. Sy het die gewigstootrekord na 9.34m verbeter, sowel as die spiesgooirekord na 36.50m. Beide van hierdie rekords is tot op hede nog nie verbeter nie.

Die tweede rondte ná die Kleurebyeenkoms staan bekend as die Sone-byeenkoms en ons was net so verbaas met die prestasies wat daar gelewer is.

In 1968 het Frits Carstens Hoërskool Graafwater verteenwoordig en aan die mans 19 400m-wedloop deelgeneem. Hy het dit in 'n rekordtyd van 50.80 sekondes gehardloop en hierdie rekord is tot dusver nog nie verbeter nie.

Tydens 1974 se byeenkoms het Retha Coetzee (néé Basson) die dogters 14 skyfwerprekord na 23.35m verbeter. Hierdie rekord staan nog tot vandag toe.

Danie Carstens het vir 3 jaar lank rekordtye opgelewer wat nog nie gebreek is nie. Hy het beslis sy pa (Frits Carstens) se voetspore gevolg en dit blyk asof hy selfs sy pa se spykerskoene geërf het. In 1990 het Danie die seuns 14 400m verbeter na 59.70 sekondes en in 1991 het hy die ook die seuns 15 400m rekord opgeskuif na 55.60 sekondes. Eers weer in 1993 het hy die seuns 17 400m rekord na 50.80 sekondes verander. Nie een van hierdie drie rekords is tot dusver gebreek nie. Voorwaar uitmuntende prestasies om op trots te wees.

Annemi Laubscher het ook ons verbaas by die tweede rondte van elke atleet se loopbaan, met drie rekords in spiesgooi.

In 1993 het sy die dogters 14 rekord na 26.12m verbeter en in 1994 het sy die dogters 15 rekord na 31,88m verbeter. Tydens 1995 het sy aan die dogters 17 spiesgooi deelgeneem en het ook hierdie rekord na 33.82m verbeter. Hierdie drie rekords staan ook vandag nog.

Wat is die kanse dat hierdie rekords ooit gebreek sal word? Dit bestaan egter nou al vir soveel jare. Die toekomstige atlete sal maar moet uithaal en wys.



Fritz en Danie Carstens



Retha Coetzee (néé Basson)



Annemi Laubscher

Resolution 5000x3750 px - Free hi-res JPG file download - www.psdgraphics.com



# Uit die pen van ds Frik Kleinhans

Vreugde kom van die Here. Nie van ons omstandighede nie.

Rom 15: 13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

Gal 5: 22 Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, ...

In vandag se wêreld is daar baie mense wat op verskeie wyses probeer om vreugde na te jaag. Meeste mense, indien nie elkeen van ons nie, smag na 'n vreugdevolle lewe. God se kinders wat in krisissituasies verkeer, wat treur, bedruk voel en moeilike omstandighede en lewensuitdagings ervaar – sal sekerlik hoop dat God op 'n besonderse wyse Homself in hulle worstelstryd sal openbaar.

Wanneer die profeet in Jesaja 61:3 God se profesie oordra aan die Israeliete, sê hy vir hulle dat wanneer God ingryp in ons lewens, maak Hy 'n wonderlike verskil. Hy gee vir ons: eer in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer.

God se Woord hou die belofte in dat Hy sy verbondsvolk se uitdagende, onaangename, wanhopige en aaklige situasie verander in iets moois. Dis wat Jesus reeds kom doen het en dis wat die Heilige Gees besig is om te doen en dis waarvoor ek en jy wat glo ook geroep is, sodat God deur ons getuienis die vreugdesboodskap kan bring dat God sondaars optel van die ashope van die lewe af en hulle lewens verander en vul met vreugde.

God is bewus daarvan dat ons dikwels pyn en lyding in die lewe ervaar. Maar onthou: God kan ons uitgebrande, wanhopige situasie ten goede verander. Bill Gaither het die volgende lied geskryf:

"Something beautiful, something good

All my confusion Jesus understood

All I have to offer him is brokenness and strife

But he made something beautiful out of my life"

Die bendelid wat tot bekering gekom het, getuig:

Ek was 'n disaster, toe maak die Here my 'n pastor.

Ek was 'n ellendeling, toe maak die Here my 'n sendeling.

Die Woord sê: 17 Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. 18 Dit alles is die werk van God.

As God iets of iemand aanraak, verander in wrakstuk 'n pragstuk.

Al wat nodig is, is dat ons ons deur God sal laat aanraak en dat ons dan sal toelaat dat God ander se lewens deur ons aanraak. So ontvang ons nie alleen vreugde nie, maar bring ons ook vreugde in ander se lewens.

Daar IS baie wat lelik en verkeerd is en wat dreigend om ons gebeur en selfs met ons gebeur, maar in alles is die Here by ons en hou ons in sy hand waaruit niemand ons kan ruk nie. Daarvoor eer ons die Here te midde van alle probleme. In alle omstandigehede. Niks kan ons uit sy hand ruk nie. Niks kan ons van sy liefde skei nie. Dit is ons vreugde.

Rom 15: 13 Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

Vreugde is iets wat alle mense soek, maar baie min mense vind dit. Mense spandeer miljoene rande op soek na vreugde. Sommige soek dit in besittings en ander in plesierigheid. Sommige soek dit in medisyne en ander in dwelms. Sommige soek dit in mense, in vriende ... ons KRY dit by ons God – die Een wat van ons as wrakstukke pragstukke maak.

Aan God al die eer!

Resolution 5000x3750 px - Free hi-res JPG file download - www.psdgraphics.com

# Vensterklip Guest Farm

## ELANDS BAY

*Accommodation & Restaurant*

A 300 year old farmstead Ol' Dirkie's Bar & the Tin Kitchen
Chef Linda's famous sizzling sirloins...
a place claimed by the Sandvelders



... a place to dream, a place to romance yesteryears' treasures.
The perfect unpretentious hide away on the banks of the Verlorenvlei.

**Restauranttye:**

Restaurant is van Maandag tot Donderdag oop op afspraak.

Vrydagaande is Pizza-aand. 18:00-laat

Saterdag: Oop 08:00 - laat. Ontbyt, koffiewinkel, en a la carte.

Sondag: 08:00 - 15:00. Ontbyt, koffiewinkel en a la carte spyskaat.

Sondagaande: TOE

Ons doen funksies, spyseniering en troues op afspraak.

**Akkommodasie**:
Selfsorg, B&B en Kampering beskikbaar vir tot 120 persone.



Delicious food. Personalized service.

Undiscovered beauty and simplicity where nature inspires life.

**Kontak: Jane 079 500 3335, Debora 022-962 1628 of Chunkie 022-972 1340. info@vensterklip.co.za**

Vensterklip
ELANDS BAY

# Tannie Kittie Visser verjaar.

Op Donderdag 21 April 2016 het ons oudste Gemeentelid, Tannie Kittie Visser, 94 jaar oud geword.

Tannie Kittie woon nog in haar eie oorspronklike huis op Sandfontein.

Met my VLV rose uit my tuin, het ek die middag vir haar gaan kuier om haar te gaan gelukwens. Om nog so op die been te wees en alles self te doen, om nie eens te praat hoe goed versorg en pragtig sy lyk nie, is 'n uitsonderlike prestasie.

Tannie Kittie sal altyd vir my 'n voorbeeld in die lewe wees wat geloof, hoop en liefde aanbetref. Daar moet jy nie eintlik gaan kuier sonder 'n pen en papier nie, want die wyshede en raad wat sy sê en gee, is so kosbaar en waar.

Terwyl ons gesels oor 'n koppie koffie en 'n gedekte tafel vol lekkernye, merk ek op hoe haar Bybel en boeke net hier duskant haar sitplek op die tafel lê. Ek dink by myself, dis hoekom sy ook vandag vir my so kan moed inpraat, want hier waar ons aan die gedekte tafel sit, is die Here ook saam met ons.

Met 'n ligter hart en 'n fles vol tuisgemaakte kwepers groet ek haar, sy sê haar dogters is op pad.



Mag die Here u nog lank vir ons spaar!

Elsabe Carstens.




**Frederik Johannes Jacobus Carstens**

(Noemnaam Janus) is gebore op 5 Mei 2016 in Durbanville Mediclinic. Janus het besluit om vir pappa Rikus en mamma Linda te verras, hy het besluit om 'n paar weekies vroeër te kom en Janus is op sy sussie Heila se verjaarsdag gebore. Rikus noem dit goeie beplanning…



Janus is nou die 5de naamgenoot geslag op die plaas. Oupa Fritz is vreeslik trots.



**Daniël Petrus Jacobus Mocke**

(Noemnaam Daniël) , seun van Jaconette en Peet Mocke is gebore te Milnerton Medi Clinic op

18 Februarie 2016.



Klein Daniël het Peet en sy oupa Peet se doopname.

Derik is sommer baie trots op sy nuwe boetie.



# Basaar



Saterdag 23 April 2016 het die mis nog laag oor Leipoldtville gehang toe die braaivleisreuk al deur die dorp trek.

Voor die kerksaal se deur is nie parkeerplek soos almal woel om hulle goedere , hul kosbaarhede, af te laai nie.

Met die intrapslag in die kerksaal het die reuk van pannekoek jou begroet. Watter herinneringe het dit nie alles opgeroep nie, want wat is 'n Basaar dan sonder pannekoek?

'n Kerkbasaar op Leipoldtville is 'n wonderlike geleentheid, 'n spesiale geleentheid, 'n saaamkuier geleentheid vir 'n ieder en elk.

Soos daar afgelaai word, word daar hartlik gegroet en met 'n "hoe gaan dit" loop jy verder om by "jou" tafel te gaan help regpak, te merk.

Die tafels het oorgeloop van kleinkoekies, groente, groot koeke, pasteitjies, beskuit, poedings en lekker plaasvleis.

Die kinders het al vroeg saamgedrom om die speelgoedtafel.

Ds. Nico van der Merwe het die Basaar geopen en toe was dit tyd vir koop en saamkuier.

Ons twee opveil manne van formaat Hugo Louw en Hentie Louw het hulle ook weer hierdie jaar baie goed van hulle taak gekwyt en die mooiste artikels en spog gebak op die verhoog opgeveil.

Dit was voorwaar weer eens 'n geleentheid soos min vir ons Gemeente en ons dank die Here vir 'n wonderlike en geseënde dag.

Ons volgende kuier is by ons Leipoldtville Kuierfees
DV 6 Augustus 2016.















# HOU VAS, HOU AAN EN DRUK DEUR

Deur Elsabe Carstens

Ek kan amper nie glo ons is alweer aan die begin van 'n splinternuwe jaar nie! En dan wonder ek… Hoe gaan dit met jou? Voel jy dalk bietjie mistroostig? Dalk moedeloos of sommer net geïrriteerd? Hoekom is dit dan so? Hoe het jou 2015 geëindig? Voel jy dalk jy het jou alles ingesit en kyk nou, alles lyk so deurmekaar? Wil jy sommer net wegstap van alles af? Nee wag! Moenie! Ek wil jou bemoedig, aanmoedig en vra om net asb. aan te hou, vas te hou en deur te druk. Gun my die geleentheid om asb. met jou 'n Skrifgedeelte te deel.

Lukas 5:1-2 sê: "*en toe die skare by Hom aandring om die woord van God te hoor, gaan Hy by die meer Gennesaret staan en sien twee skuite aan die kant van die meer lê: maar die vissers het van hulle af weggegaan en was besig om die nette uit te spoel".*

Die Skrywer is baie spesifiek in hierdie gedeelte en gee aan ons baie detail. Ons sien onder andere hoe Simon sy bootjie verlaat het. Hoe hy die hele nag visgevang het, of sal ek eerder sê, probeer visvang het. Dan lees ons van sy leë skuit wat aan die kant van die meer staan. Sy net is uitgewas en dit was die einde van alles vir Simon. Hy het genoeg gehad. Hy het sy alles gegee. Hy is OP!

Is dit nie dalk hoe jy ook vandag voel nie? OP! Moeg en siek en sat. Jy het die hele 2015 jou alles ingesit, jy het meer as net jouself gegee, en dinge het net nie uitgedraai soos jy gehoop en verwag het nie. Jou huwelik, jou kinders, en dan praat ons nie eens van die finansies nie. Alles is net aan flarde. Jou bootjie is leeg, en daar gaan jy! Dit is dit…

Wag eers… Kom ons kyk gou wat het verder in Simon se storie ebeur. Jesus verskyn op die toneel. Daar is duisende mense wat in nood na Jesus kom vir antwoorde. Hulle is siek, party blind, doof en ander dalk net moedeloos. Jesus staan teen die meer en die skare kom nader. Almal soek Sy aandag. Almal soek Hom! Wat gebeur toe? Jesus SIEN die Skuitjies. Jesus sien die een wie die hele nag gesukkel het raak, die een wat besig is om op te gee, die een wat die skuitjie agter gelaat het.

Vandag sien Hy jou ook raak. Hy weet van jou omstandighede. Hy weet van jou 'leë' situasie. Hy weet jy gaan deur moeilike dinge op die oom blik. Jy is nie alleen nie. Hy neem kennis van alles. *Die oë van die Here deursoek die hele aarde en soek die wat Hy kan ondersteun, die wie se harte onverdeeld op Hom gerig is* – 2 Kron 16:9. Deut 11:12 sê *die oë van die Here is op ons van die begin van die jaar tot aan die einde.* Hy is ten volle bewus van jou en is besorgd oor jou. Te midde van die groot skare met hulle behoefte en gedruk en gestamp, sien Hy jou raak.

Hoe spesiaal is dit nie! Kyk hoe spesiaal is jy vir Jesus! Hy weet van jou trane, en jou pyn. Hy weet wanneer jy snags lê en dink aan al die goed. Hy is daar! Mense mag dalk nie omgee nie, jou man/vrou mag dalk nie omgee nie, jou kinders mag dalk nie omgee nie, maar Jesus doen. HY SIEN JOU en dit is al wat tel. 2 Kon 20:5 sê "*Ek het jou gebed gehoor, Ek het jou trane gesien"*. Psalm 56:8 sê "*U hou my trane in 'n kruik."* Jes 59:1 sê "*Kyk die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te swaar om te hoor nie."*

Die wonder daarvan alles is dat Jesus nie net sien en alles net so laat staan nie. Nee, Hy doen iets. In Simon se storie *klim Jesus toe in een van die skuite – Die een wat aan Simon behoort het.* Dit wat vir jou '*useless*' is en lyk, daarin is Jesus. Dit waarin Simon so teleurgesteld was; dit waarin hy so mismoedig was; juis dit… dit gebruik Jesus as 'n plek waaruit Hy Sy boodskap kan bring. Dit wat nie meer vir jou saak maak nie: juis dit gebruik Jesus. Jou stryd, jou pyn en mislukking van 2015… onthou Jesus kan en wil en gaan dit gebruik. Hy is in jou situasie. Hou vas, hou aan en druk deur! Jou '*mess*' word 'n '*message*' – vanuit jou situasie, sal ander kan leer.

Die uiteinde van Simon se verhaal is dat hy, Simon, weer terug geklim het in sy skuit. Die keer saam met Jesus. Hy antwoord Jesus: "Here, op U WOORD sal ek weer probeer." Hy het sy nette nog een keer gegooi in geloof en toe was sy nette vol!

Jesus is in jou saak, moenie stres nie. Moenie van jou dinge af wegstap nie, dit is nie 'n '*useless case'* nie. Laat Jesus dit vir jou bestuur.

Ek bid dat jy in 2016 sal sien hoe Hy alles vir jou laat uitwerk. Mag alles wat jy van Hom gebid het, in vervulling kom. Lees Psalm 20.

'n Wonderlike 2016 bid ek jou toe.

# Arnion Nature Retreat




**Arnion Nature Retreat** is in die hart van die Skurfkopberge geleë, 20 km vanaf Graaf-water.

Dit is 'n selfsorgeenheid met 'n volledig toegeruste kombuis, 'n binne - en buite braai en 'n groot stoep met swembad. Die twee ruim slaapkamers het elk 'n en-suite bad-kamer en stort. Badhanddoeke en bed-degoed word verskaf.

Tarief: R2000 per dag vir hele huis, maksimum 4 mense.

Jammer, geen troeteldiere nie.



















Stephen & Rika Geldenhuys

Tel: 027 422 1051

Sel: 072 397 8778

# Uitruilstudent na Duitsland - (Ons eie) Carmari Marais




Ek is Carmari Marais, dogter van Buks en Carina Marais, 'n huidige Graad 10 leerling by La Rochelle Meisieskool in die Paarl. Dit is vir my 'n groot voorreg om vir julle meer te vertel van my uitruil na Duitsland vanaf Desember 2015 tot Januarie 2016.

Tydens die begin van my gr. 9 jaar het ek Duits as 'n vak begin neem. Aangesien ek toe reeds 'n jaar agterstand met die taal gehad het, moes ek baie ure ekstra insit om op dieselfde standaard as my mede klasmaats te kom. My liefde vir hierdie taal en die kultuur het hierdeur baie gegroei. Aan die einde van die Junie eksamen verlede jaar is 'n paar van ons skool se leerlinge genader om aansoek te doen as uitruilstudente na Duitsland.

Ses maande van 'n streng keuringsproses waar elke stukkie detail van jouself en jou menswees belangrik is, voorleggings, toetse en hope dokumentasie het gevolg, voor ek uiteindellik as deel van 84 Suid-Afrikaanse kinders tussen die ouderdom van 15 en 18 (waarvan ek die jongste gekeurde student was) as deel van 'n uitruilgroep Duitsland toe kon vertrek. Slegs 2 van hierdie groep was van ons skool en ek was een van die 2 leerlinge. Om emosioneel baie sterk te wees speel 'n groot rol. Jy moet elke stukkie detail van jouself ken, van goeie hoedanighede tot tekortkominge anders gaan jy baie tydens so 'n uitruil sukkel. Jou waardes en jou norme moet reg wees vir die tipe keuses wat na jou kant toe kan kom.






Ons groep het mekaar in Johannesburg ontmoet en daarvandaan as groep na Frankfurt vertrek. Jou gasgesin het jou op die lughawe ontmoet of jy moes vandaar per trein reis tot by die naaste treinstasie van jou gasgesin. In my geval moes ek 4 ure per trein reis na my gasgesin.

Die ouer generasie kan nie Engels praat nie en as jy Duits kan praat tel dit baie in jou guns. Op die trein het ek besef dat my kaartjie verkeerd gedruk was en daar was geen ander uitweg as om hulp te vra nie en toe het my taalvaardighede my in nood gered.

Ek was gelukkig om op die platteland in 'n pragtige dorpie, Soest, in die westelike gedeelte van Duitsland te kon bly. Ek het saam met 'n groot gesin met 5 kinders gebly. My "pa" was 'n Joernalis by een van Duitsland se grootste koerante en het 'n ongekende passie vir sy werk. My "ma" was 'n toe-risme bestuurder van 'n welbekende reisagentskap. Gedurende my verblyf het ek saam met my "suster" skool toe gegaan by 'n groot Gimnasium. My "suster" is huidiglik in graad 9 en haar vakke het my baie geïnteresseer. Onder andere het ek vakke geneem soos Spaans en Latyn terwyl die ander vakke in Duits aangebied is en in so 'n mate dat ek net meer en meer wou leer en hoor. Om in ge-wone klere skool toe te gaan, soggens met 'n fiets skool toe te ry en om volleyball te speel vir LO was 'n heerlike nuwigheid. Sokker is 'n alledaagse sport vir daardie kinders.

Die kultuur van Duitsers is eintlik baie interessant, maar dan moet jy oop wees om so 'n ander kultuur te wil leer ken. Hulle soort sin vir humor, die eentonigheid waarmee hulle 'n gesprek voer en die feit dat hulle nie baie uitgesproke is nie, het daartoe gelei dat ek moes leer om hierdie mense op grond van lyftaal en ander eienskappe te verstaan.

Ek moet eerlik sê dat ek een van die mees bevoorregste uitruilstudente was. My "ouers" het so baie beplan en georganiseer om my uitruil een groot avontuur te maak wat ek vir die res van my lewe sal onthou. As 'n verwelkomingsgeskenk het my "gesin" my na een van die bekendste Operahuise in 'n dorpie, Dortmund, geneem en dit was 'n onbeskryflike ervaring!

Eine Weichnachtsmarkt ('n Kersmark) is 'n honderdjaar-oue tradisie wat jaarliks in verskeie dorpies in Duitsland gevolg word. Ek het die grootste Kersboom by so 'n mark gesien van 54m hoog. En glo my Kersfees word in die oortreffende trap daar gevier, met duisende liggies, duisende Kersstalletjies en sekerlik my gunsteling, die soetste spookasem wat jy kan kry - Zückerwatte! Nie net is soetgoed daar smaaklik nie, maar ook in geheel die wors, spesifieke soorte brode en allerhande ander tipe geregte wat hulle voorberei.








**Links, staan ek by 'n beer voor 'n bekende speelgoedwinkel in Berlyn. Bo, 'n besoek aan 'n kalkoennavorsingslabo ratorium. Regs, Ysskaats is baie gewild tydens Desember**






As Kersgeskenk het my "familie" vir my en my "suster" 'n reis deur Duitsland gereël. Gedurende hierdie reis het ek Hamburg, die tweede grootste hawestad in Europa besoek. Museums, bootritte en honderde straatjies was daar oorgenoeg van en as jy avontu-urlustig is, is dit net die plek om te gaan besoek. Die grootste van die grootstes van skepe kon jy daar vind en twee jassies was nie genoeg om jou warm te hou by die Noordsee nie, alhoewel vyf die toets geslaag het!

'n Besoek aan Berlyn, die hoofstad van Duitsland, was ook op die lys, iets wat ek nie gedurende my reis verwag het nie. Om die poorte van die geskiedenis te betree, was ongelooflik om te beleef en die nalatenskap asook stories van die verlede was ver bo my verwagtinge om te hoor.

Wolkekrabbers, 'n wêreldbekende dieretuin, pragtige tuine, feestelike ver-sierings vir Nuwe Jaar was alles deel van die skouspel wat jy kon besigtig vanaf die Parlementsgebou in die middel van die stad. Dit het gevoel of ek op 'n wolk sweef soos ek my verkyk het aan hierdie wêreldbe-roemde stad, uitgestrek voor my en soos die Duitsers lief is om te sê: "Berlin is poor, but saxy" wat beteken dat Berlyn dalk finansieel arm is, maar met sy nim-mereindigende geskiedenis baie beroemd is.

Vir Nuwe Jaar of Sylvester soos wat die Duitsers dit noem, het ons 'n draai gaan maak in Holland, met sy oneindige waterhulpbronne en windplase en natuurlik 'n bietjie van die taal Hollands. Dit mag dalk 'n bietjie gekom-pliseerd klink, maar die plek waar ons oorgebly het, was op die grens tus-sen Duitsland en Holland, so jy kan kies in watter land jy nou en later wil wees. Die Duitse en die Nederlandse kultuur verskil ook baie van mekaar en omdat individuele Duitsers nie vuurwerke mag skiet nie, maar Neder-landers mag, kon jy vrylik besluit hoe jy jou Nuwe Jaar wou ingaan!

Die wêreld se grootste skip is in hierdie dorpie gebou en die wêreld se grootste kalkoenprodusent kom ook hier voor - die dorpie Papenburg. Ek was bevoorreg om die produksieproses van so 'n meesterstuk van so 'n skip te kon beleef. Duisende meters materiaal en duisende kiloliters water word gebruik met die bou van so 'n passasierskip.

In Suid-Afrika eet ons min kalkoen, maar in Duitsland is dit 'n baie gesonde, gesogte soort vleis. 'n Kalkoenplaas van die uitbroei van die klein kalkoentjies tot die slagproses en die verpakking was 'n baie interessante uitstappie.









**Van bo: Die eerste foto van bo af : 'n Horisontale lugfoto van 'n kers-beligte aand in Soëst.**

**Tweede foto: Tydens die erge sneeujare is alles bedek met sneeu.**

**Derde foto: Staan ek voor 'n bekende staalfabriek en die brug verteenwoordig dit.**

**Die laaste een was ek en my sus-ter waarmee ek uitruil voor 'n adelike gebou van vroeër jare in Berlyn.**

Elke dag van my uitruil was vir my 'n verrassing, sonder 'n vooraf verwagting. Dit was nie 'n vakansie nie, maar eerder 'n leerskool van nuwe buite-die-boks ervarings daar buite. As jy so iets oorweeg moet jy vir die redes besef hoekom jy dit doen en die mees belangrikste is, om net jouself te wees, want vir so 'n lang tyd kan jy nie voorgee nie.

Soms kom geleenthede net eenmaal op jou pad en as jy dit nie gryp nie, dan kom dit dalk nooit weer nie …


Deur Carmari Marais

## Moedskepdans 2016

Goeie musiek, ligvoetiges en breë glimlagte. Dít is beslis die regte manier om 'n jaar mee af te skop. Op 9 Januarie 2016 het ongeveer 400 mense bymekaar gekom op die Laubschers se plaas om deel te wees van die jaarlikse Moedskepdans. Dit is al 'n gereelde instelling hier en een van die dinge wat ons Sandveld so uniek maak. Dit is omtrent 'n prettige besigheid en daar word onder andere gedans op swart rubber vylsels. Die Broers, Christo, Cobus en Nick het opgetree en later die aand het Pieter Smith ook 'n bydrae gelewer. Daar word in besonder, baie dankie aan die Laubschers gesê, wat 'n gawe R20 000 aan die Christelike Privaatskool van Leipoldtville geskenk het. Dit word met dankbaarheid ontvang. Almal het hierdie geleentheid ten volle geniet, want as dit reën, dan MOED 'n mens mos skep.



Tammy van Zyl saam met die Laubscher kleinkinders








# CPL Ken Mekaar

**Vrae aan die onderwysers van Christelike Privaatskool Leipoldtville.**

1. **Waar skoolgegaan?**
2. **Wie was jou gunsteling onderwyser?**
3. **Wanneer het jy besluit om onderwys te studeer?**
4. **As jy 'n animasiekarakter kon wees, wie sou jy gewees het?**
5. **Wat is jou gunsteling fliek?**
6. **Wie was jou gunsteling akteur toe jy 'n kind was?**
7. **Wat is jou gunsteling aanhaling?**
8. **Saam met wie sou jy graag in 'n hysbak wou vassit?**
9. **Wat is jou tema/boodskap vir 2016?**

## Maritha Louw

1. Alexanderbaai, Laerskool Leipoldtville, Hoërskool Graafwater. 2. Mnr Van Rensburg op Leipoldtville en Mnr van der Merwe by Hoërskool Graafwater (Wiskunde onderwyser) 3. Ek was van kleins af lief vir kinders, kinders lê my baie naby aan die hart. My ander keuses sou wees verpleegster of 'n beroep in die lyn van diere. 4. Die goeie fee in Aspoestertjie 5. Vallei van Sluiers 6. Wena Naude 7. Stilbly is die beste antwoord. Moenie aan ander doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie. 8. Sandra Prinsloo 9. Bly positief in alle omstandighede.



## Marna van Zyl



1. Voortrekker Hoërskool, Kenilworth 2. Mnr Jennings my Engelse Onderwyser, hy het altyd vir ons vertel van sy reise oorsee en ons het min werk gedoen. 3. Op skool het ek aan onderwys gedink, maar was baie besluiteloos. Ek het toe skoonheidsterapie studeer en opleiding gedoen daarin. Nou help ek by die skool. 4. Jane in Tarzan (en dit het dalk te doen met Tarzan) 5. Walking on sunshine—ek hou van musicals en dis 'n regte "girly" fliek. Die musiek is waarmee ek grootgeword het. 6. Jason Donavan, sy plakkate was teen my muur en ek het baie van sy mooi blonde hare gehou en Jean Claude van Damme met sy mooi lyf. 7. If you want change to occur, become the change - Ghandi 8. Oprah want ek sal ure met haar kan gesels en uitvra oor almal wat sy al ontmoet het of Dr Phill want hy kan al my probleme oplos. 9. Lewe dag vir dag. As jy te ver vooruit dink en dink aan alles wat nog moet gebeur, put dit jou uit. En moenie energie mors op dinge uit die verlede nie. Vergewe en gaan aan.

## Tammy van Zyl



1. Sentrale Volkskool Kroonstad, Laerskool Hugo Rust, Hoërskool Hugenote 2. Juffrou Ina, my Graad 2+3 Opvoeder van Sentrale Volkskool in Kroonstad. Sy't sulke lang rooi naels gehad wat sy agter jou oor gesit het en as jy 'n vraag verkeerd beantwoord het, het jy 'n oorknypie gekry. Ek ken dus steeds al my tafels. 3. Ek wou altyd verpleegkunde gaan studeer het, maar weens omstandighede het ek nooit gegaan nie. Ek het onderwys as tweede opsie gekies en 'n week laat geregistreer. Nou na al die jare weet ek die doel van die Here was anders. 4. Arial van Little Mermaid. Ek bemin haar hare wat altyd mooi lyk onder water. 5. Up close and personal—Beste trane trekker en "chickfliek" wat daar is. 6. James Small, as kind was hy vir my vreeslik aantreklik en mooi gebou! 7. Once bitten twice shy 8. Channing Tatum - As jy weet hoe hy lyk, sal jy weet hoekom. 9. Vat dit dag vir dag. Wees dankbaar vir wat jy al gekry het, en nog gaan kry.




# CPL Ken Mekaar

**Vrae aan die onderwysers van Christelike Privaatskool Leipoldtville.**


1. **Waar skoolgegaan?**
2. **Wie was jou gunsteling onderwyser?**
3. **Wanneer het jy besluit om onderwys te studeer?**
4. **As jy 'n animasie karakter kon wees, wie sou jy gewees het?**
5. **Wat is jou gunsteling fliek?**
6. **Wie was jou gunsteling akteur toe jy 'n kind was?**
7. **Wat is jou gunsteling aanhaling?**
8. **Saam met wie sou jy graag in 'n hysbak wou vassit?**
9. **Wat is jou tema/boodskap vir 2016?**

## Lezandri Louw

1. Laerskool & Hoërskool Dirkie Uys, Moorreesburg. 2. Mnr. Johan Jacobs - Biologie. Want ons kon Maandae die vorige naweek se sportfoto's op die interaktiewe bord kyk. 3. Ek wou nog altyd 'n juffrou word. Het as kind met ou vuurkole teen ons vibracrete muur geskryf en vir my jonger boetie somme gevra. 4. Barbie!! Sy is so mooi en ek was al 'n groot dogter, toe speel ek nog steeds met my Barbie Pop. 5. Fire-proof the movie. Versterk my geloof en huwelik op alle denkbare maniere. 6. Jean-Claud van Damme!! 7. Never let the fear of streaking out, keep you from playing the game. 8. Leon Schuster, want hy is vir my die snaaksste mens op die planeet. Ek en Brink is groot aanhangers van hom. 9. Doen jou bes en God sorg vir die res.



## Cheree Jones



1. Hoërskool Augsburg Landbou Gimnasium 2. Mevrou Helena van Zyl. Sy was die toonbeeld van hardwerkendheid en sy het altyd die ekstra myl geloop. Sy was 'n mens-mens en het elk van haar leerders goed geken en het elkeen se belange op die hart gedra. 3. Ek het eers in my matriekjaar finaal besluit om onderwys te studeer. Daar is heelwat onderwysers in my familie en op aanbeveling van twee van my onderwysers besluit. Ek wou egter eers in 'n spysenieringsrigting gaan. 4. Bob (Minnion) - goedhartig 5. Ballade vir 'n Enkeling. Die fliek bied groot lewenslesse, avonture en uitdagings . "Moenie dink nie, doen net" 6. Patricia Lewis 7. Sometimes the smallest things take up the most room in your heart— Winnie the Pooh 8. Joshua na die reën. Ek hou van sy musiek genre. Hy is 'n uitstekende liedjieskrywer en hou van met woorde "speel".
9. Dis jou houding en nie jou vermoëns wat bepaal watter hoogtes jy bereik nie.

## Ria Mouton



1. Hoërskool Citrusdal 2. Mnr Dirk Dirkse van Schalkwyk. Hyt my geleer om nooit op te gee nie en aan te hou. Altyd staaltjies en wyshede met ons gedeel.
3. Ek sou eintlik 'n fisioterapeut wou wees, maar ek het nie skeinat op skool gehad nie. Ek het ook nie suiwer Bedryfs gedoen nie. Ek het 'n nagraadse onderwyssertifikaat. Ek het 'n groot liefde vir kinders, hul eerlikheid en geloofsvertroue in mense is vir my baie spesiaal. 4. Prinses Jasmine, haar blas vel en mooi hare sal ek baie graag wou hê, want dan sal ek nie soos 'n spook lyk in die winter nie. 6. Steffi Graff, wou so goed soos sy tennis speel. 7. Accept what is, let go of what was and have faith in what will be. 8. Josh Duhamel. Hy kan dalk goeie "tips" oor toneelspel gee en hy is baie aantreklik.
9. Probeer om altyd die positiewe dinge raak te sien, leef voluit asof elke dag jou laaste dag is, want die lewe is te kort. Alles is okay, alles gaan verby. Die lewe is te kort om suur te wees.

# Maklike Vrugtebroodjie



## Bestanddele:

2 k bruismeel.

1 t bakpoeier.

1 en 'n kwart koppie bruinsuiker.

3 t gemengde speserye.

1 k gemengde vrugtekoekmengsel.

100 ml fyngekapte neute (opsioneel), halwe koppie kersies, gehalveer.

250 ml melk.

## Metode:

Meng alles saam.

Skep in broodpannetjie wat gesmeer is.

Bak plus/minus een uur by 180 grade tot mooi bruin.

Laat afkoel. Sny snytjies met botter op.

Heerlik!

Deur Anita Lalor

## Nuwe Woorde:

Aftree: kierieverlof

Alkohol: slingersous

Aspersies: Olifantpuisies

Bleeksiel: fooskoos

Fiets: draadkameel

Eet: tandslaan

Aap: sitbok

Blonde oomblik: breinpouse

E-pos: vonk-pos

Grimering: jeugdaad

Toilet: porselein–skoeter

Mooi Meise: asemdief

Sakrekenaar: sompompie

Lyftaal: skeletklets

Snelweg: boete-roete

Springmielies: klitskoring

Tissue: snoetsponsie

Zebra: streepesel

Graanvlokkies: Olifantskilfers

**Om te adverteer:**

**Stuur inligting na dieleipoldt@gmail.com**

# LEIPOLDTVILLERS PRESTEER

**Freddie Carstens**

Eerste plek behaal in 80m en Tweede plek vir 100m by Augsburg Atletiek

**JJ Carstens**

Derde plek behaal in 50m en 75m by Augsburg Atletiek

**Anke van Zyl**

O/13 Weskus Noord A Netbal Span gehaal

Opgeneem in die Weskus Netbalspan

**Nina Visser**

O/13 Weskus Noord A Netbal Span gehaal

**Lara Visser**

Weskus Noord Proewe deelgeneem.

By Clanwilliam Skou deelgeneem en 3de plek behaal vir Ruiterkuns en in Kinderryperd 'n 5de plek behaal.

Redaksie van Augsburger (Skoolkoerant)

**Carla O'Connell**

VCSV Bestuur, Reach Out Bestuur, Kanon (Skoolkoerant )Redaksie, ATKV Plofsof Bestuur.

Verteenwoordig Piketberg by die ATKV—Algemene Jaarvergadering wat 25 & 26 Mei 2016 plaasgevind het te Goudini.

**Carmari Marais**

Was 'n uitruilstudent na Duitsland—sien haar berig daaroor.

**Anrika Koegelenberg**

Goud vir Engelse Voordrag by Citrusdal Eisteddfod.

**Anandi Smit**

Cum Laude vir Engelse Voordrag by Citrusdal Eisteddfod.

**JG Visser**

Cum Laude vir Engelse voordrag by Citrusdal Eisteddfod.

**Nerine Visser**

Cum Laude vir Afrikaanse Voordrag by Citrusdal Eisteddfod.


**Leipoldt Kuierfees 6 Augustus 2016**

# Aangename Kennis ...

**Henta en Hesta Kruger**

Hulle het ontmoet toe hulle op skool was by Westcliff Middelbare Skool, Bellville en is nou al 50 jaar saam waarvan 42 jaar daarvan getroude lewe is.  Henta het ge-kwalifiseer as Paneelklopper en hul paaie het gelei van Bellville na Springbok, Kakamas, Keetmanshoop, terug na Bellville en na Kleinsee, waarna hulle afgtree het op Graafwater, waar hul tans woon vir die afgelope 12/13 jaar.

Henta vertel graag dat hy dit wat mense opgefrommel het weer vier-kantig gemaak het as hy verwys na sy jare as Paneelklopper.



**Juffrou Cheree Jones**



Watter opwindende dag was dit nie toe CPL, Juffrou Cheree Jones, as een van hul opvoeders kon verwelkom nie.

Cheree, 'n boorling van die Weskus-omgewing en dogter van Keith en Anien Jones van Lam-bertsbaai, behartig se-dert die tweede kwartaal die graad 4-6 leerders by CPL en het gou haar stempel af-gedruk en diep in almal se harte gekruip.

Sy't onlangs haar B.Ed graad aan die Uni-versiteit van die Kaapse Skiereiland van Te-gnologie ontvang en ons is saam met haar trots op haar prestasie. Ons weet sommer Cheree gaan 'n geliefde opvoeder in die omgewing word en wens haar 'n blink toekoms toe.

**Johnnie, Lize, Juan en Adriaan Enderstein** het einde Desember 2015 verhuis vanaf Clanwilliam na Louwsrus plaas.

Ons is n sosiale gesin. Johnnie hou van jag en visvang. Lize geniet haar sport soos draf en netbal.



Juan en Adriaan is nuwe leerders van CPL en geniet die maatjies rondom hulle. Dit is n bonus dat die see so naby is, want hulle is baie lief vir swem.

Ons sien uit na ons toekoms hier in die Sandveld.



# Naaldwerk

Klere maak en verstellings van klere.

**Anita Lalor**

0834526796

## Om te adverteer:

**Stuur epos na**

**dieleipoldt@gmail.com**

## Te koop:

Raleigh 21 Spoed Bergfiets. Soos nuut R2500 (082 613 9320)

Bergfiets Silwer vir kind 8-14jr. Goeie toestand R500 (076 762 8761)

Treehouse extra groot baba "carrycot" R350 (082 613 9320)

Sansui CD Speler vir Motor R650 (082 613 9320)

Playstation 2 @ R450 (082 613 9320)

Emboya Tafel 1x0.5m plus 2 stoele R4000 (079 519 2626)

## Soek om te koop:

Tuimeldroër 2de Hands (082 613 9320)

Opregte Boerboel hondjie/s (083 269 33 42)

# Komberse te koop



**Lekker warm, dik en goeie kwaliteit komberse te koop in 'n verskeidenheid kleure.**

**Mates 235x245cm**

**Ronel Basson: 082789 7423**

# HERBALIFE

***You're Area – <u>Specialist</u>***

*Nutrition products (maximize your nutrition level),*

*Improve your health -100% natural products*

*Increase your Energy / Vitality*

*Mental Energy (Concentration)*

***WHAT DID YOU HAVE FOR BREAKFAST TODAY?***

***No Time for Breakfast – Always on the run – Cravings by 10H00?***

***ANSWER: We have the Solution for the whole Family, Your body need quality Fuel to keepHealthy - Healthy Meal-Formula 1***

***Enhance your Energy / Vitality levels***

***Contact: Karien O'Connell***

***Independent Herbalife Distributor***

*<u>Free: consultation / wellness evualtion.</u>*

*Sport Nutrition*

*(Herbalife is the sponsor of various international sport events)*

*SKIN (Uni-sex Skincare)with remarkable Results*

*<u>Who can use these products:</u>*

*Everybody with a pulse*

*Health conscious people*

*Students/ Scholars*

*Pregnant and Lactating ladies*

*Elderly (who eat badly)*

***SERVICE THAT MATCH THE PRODUCTS!***

***Call: Magda Bicknell***

***(021-9197574 OR 083 448 1451)***



# Lief en Leed

## STERFTES

**Hjallie Enderstein**

Oorlede 28.12.2015 Sy begrafnisdiens het plaasgevind by die NG Kerk Leipoldtville op Donderdag 31 Desember 2015.

**Elize Carstens**

Oorlede 21.03.2016 Haar begrafnisdiens het plaasgevind by die NG Kerk Lambertsbaai op Donderdag 31 Maart 2016.

# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

ngkleipoldtville@mylan.co.za

Leraar:
Ds. Hennie de Kock
Tel/Faks: 027 412 2823
Sel: 083 263 0099

Gemeentebestuurder:
Elsabe Carstens
Tel: 027 422 1802
Sel: 083 225 6536

Koster:
Carol Loubser
Tel: 027 422 1347
Sel: 073 419 2820

Kassier:
Corlia Carstens
Tel: 027 422 1030 (h)
Sel: 083 632 4284

Skriba:
Mari vd Westhuizen
Sel: 083 231 2000

# Ten Slotte

Aan die einde van elke jaar voel ‘n mens gewoonlik moeg en sien uit na ‘n ruskans of vakansie en sien ook uit na ‘n nuwe jaar wat voorlê, ‘n nuwe begin, met nuwe vooruitsigte. 2016 het so vining afgeskop dat ek nie kan glo dat dit alweer die middel van die jaar is nie.

Soms as dinge te veel raak, wil ek saam met Elsabe stem in haar skrywe met hou aan en druk deur. Dit het my laat terugdink aan ‘n toneelfees wat ek so twee jaar terug bygewoon het van Marion Holm. ‘Hol Marion Hol!! ’ Haar boodskap in hierdie eenvrouvertoning was dat ‘n mens net moet aanhou doen wat jy moet doen, al gaan jy deur moeilike of onseker tye, jy moenie gaan sit en jouself jammer kry nie, hou net aan om vorentoe te beweeg. Hou aan, druk deur. Doen goed. Doen wat reg is. Bly net hol!

Ons is opgewonde om weer een van die dae ons jaarlikse Leipoldt Kuierfees op 6 Augustus 2016 te hou. Nooi solank familie en vriende om saam met ons te kom feesvier.

Stuur gerus enige nuus of idees na dieleipoldt@gmail.com

*Karien O'Connell*